# DIE SKIETLOOD

209e Uitgawe 9 Desember 2022

saam met Koersvas 209

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


## DIE DORDTSE LEERREËLS

### Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges

**Teks 4.** Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges, wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit. *Etsi autem illa potentia Dei vere fideles in gratia confirmantis et conservantis, major est, quam quæ a carne superari possit; non semper tamen conversi ita a Deo aguntur et moventur, ut non possint in quibusdam actionibus particularibus a ductu gratiæ, suo vitio, recedere, et a carnis concupiscentiis seduci, iisque obsequi. Quapropter ipsis perpetuo est vigilandum et orandum, ne in tentationes inducantur. Quod cum non faciunt, non solum a carne, mundo, et Satana, in peccata etiam gravia et atrocia abripi possunt, verum etiam interdum justa Dei permissione abripiuntur. Quod tristes Davidis, Petri, aliorumque sanctorum lapsus, in sacra Scriptura descripti, demonstrant.*

**Verklarende kommentaar**

Indien ons die mag van God teen die mag van die sonde en dood sou stel, sou dit dadelik duidelik wees dat die mag van sonde en dood nie deur die mens oorwin kan word nie, maar wel deur God en God alleen. Dit is immers deur Sy almag dat Hy geskep het. Dit is in daardie almag dat God optree wanneer Hy gelowiges beskerm en bewaar. Dit is met ander woord ‘n almag wat sterker is as sonde en dood. Tog moet hierdie mag nie gesien word as een of ander absolute waarborg wat weerstand bloot simbolies maak nie.

Die mens is (soos reeds gestel) steeds in hierdie bedeling. Al is dit waar dat God in groot mag gelowiges beskerm en lei, beteken dit nie dat die mens nou in roekeloosheid kan lewe nie. Die mens kan deur eie toedoen en vrye keuse, kies om nie hierdie genade te koester nie. Die begeerlikhede en sondige natuur van die mens blyk 'n konstante bedreiging in hierdie bedeling te wees.

Die drie vyande van binne, buite en rondom die mens, te wete die sondige natuur, die Satan en die wêreld, staan steeds gereed om die mens weg te rokkel van God se genade na die verderf toe.

Ons weet nie presies hoe die werkinge van die Here verstaan moet word nie, tog kan ons aanvaar dat God in Sy regverdigheid kan besluit om sekere mense toe te laat om uit die lig uit, die duisternis in te storm.

Dit is daarom belangrik dat gelowiges nie houtgerus in die genade sal lewe nie, maar konstant besig sal wees om te stry

teen versoeking. Gelowiges moet waak teen hulself, die wêreld en Satan. Gebed is 'n belangrike aspek van hierdie waak teen die skadukant van die mens.
Enige mens kan tot ‘n val kom. Wat hierdie val presies behels, is nie altyd ewe duidelik nie. Dit kan net 'n terugval na die slawerny aan die sonde wees en nie 'n wegval van God se genade nie. Die voorbeelde wat gebruik word van mense wat terug geval het dui aan dat daar steeds die hoop op herstel is. Dawid, Petrus en ander gelowiges se terugval is gevolg deur 'n herstel. Judas se val was 'n wegval van God se genade en na sy selfmoord was daar geen hoop op herstel nie. Deur bloot te verwys na die voorvaders wat wel in die amp van geloof herstel is, wil die opstellers van die Dordtse leerreëls juis aandui dat geen mens van wegval gevrywaar is nie.
Hierdie artikel wil gelowiges waarsku teen 'n oorbeklemtoning van die genade op so 'n manier dat die mens se toewyding en waaksaamheid ontken word. Dit wil nie enige meriete aan waaksaamheid en toewyding koppel nie. God se genade alleen seëvier.

**Teks 5.** Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik, verdien hulle die dood en bedroef hulle die Heilige Gees, versteur hulle die oefening in die geloof, verwond hulle die gewete ernstig en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dit gebeur totdat God, wanneer hulle deur 'n opregte berou op die regte pad terugkeer, weer die lig van sy Vaderlike aangesig oor hulle laat skyn.
*Talibus autem enormibus peccatis Deum valde offendunt, reatum mortis incurrunt, Spiritum S. contristant, fidei exercitium interrumpunt, conscientiam gravissime vulnerant, sensum gratiæ nonnunquam ad tempus amittunt: donec per seriam resipiscentiam in vitam revertentibus paternus Dei vultus rursum affulgeat.*

**Verklarende kommentaar**
Dit gebeur so maklik dat ons die menslike struikeling en terugval as 'n normale gebeurtenis verstaan. Dit is die oorbeklemtoning van die sondaar gedeelte (Luther se *'gelyktydig geregverdigde en sondaar'- simul iustus et peccator*) wat dan as troos aan mense gebied word. "Dit is net menslik om te struikel, kyk maar na Dawid", word as troos gebied vir mense wat die nou pad verlaat. Luther het gesê: "Ek kan nie die swaeltjie keer van oor my dak vlieg nie, maar ek kan hom keer van nes maak in my dak" (eie vry weergawe en vertaling). Dit is die verskil tussen stryd en oorgawe wat hier ter sprake is.
Mense moet duidelik verstaan dat hulle nie goedsmoeds aan versoeking kan toegee en oorgee nie. Daar is geweldige implikasies en komplikasies wanneer mense soos 'n Dawid van ouds die mossie help om die nessie te bou.
Eerstens is hierdie growwe sondes (beplande, berekende, doelbewuste oortredings deur gelowiges) nie iets wat God ignoreer nie. Dit ontstel God nie net nie, die sterk woord **vertoorn** (Latyn: *valde offendunt* – uitermate aanstootlik) word gebruik. Dit impliseer gedagtes soos boos, kwaad maak, tart, koggel (alles aanstootlike optredes). Dit is met ander woorde 'n doelbewuste handeling van moeilikheid soek. God voel nie middelmatig oor die mens se sondes nie, dit maak God uiters kwaad. So kwaad dat dit die dood verdien. Dit het tegelyk ook die gevolg dat dit die Heilige Gees hartseer maak, droefheid veroorsaak.

Doelbewuste sonde en selfs die toegee aan versoeking veroorsaak in die tweede instansie dat die geloofslewe van die enkeling en die gemeenskap daaronder lei. Die verwysing na die oefening in geloof verwys nie net na die enkeling se toewyding in geloof nie, maar ook na die openbare diens aan God. Geen sonde gebeur in isolasie nie, dit het ook 'n impak op die gemeenskap.

In die derde plek het doelbewuste sonde en die gewillige toegee aan versoeking 'n diepe impak op die mens wat oortree se innerlike menswees en vrede. Dit maak dat die mens se gewete ernstige skade opdoen. Verwonding word van die fisiese sfeer oorgedra na die geestelike om die gedagte duidelik te maak dat hier iets gebeur wat skade aan die gewete berokken. Na 'n wond kan jy herstel maar daar sal altyd 'n litteteken wees. Skade aan die gewete het ook tot gevolg dat dit jou altyd weer inhaal en teister. Daarmee saam gebeur dit dat die mens wat oortree so in die greep van die sonde vasgevang word dat daardie mens selfs by geleentheid enige visie op die genade van God kan verloor. In die uitsigloosheid van die sonde kan die mens nie meer die genade sien wat altyd daar is nie.

Hierdie uitsigloosheid van die mens is nie iets wat die mens goedsmoeds kan afskud nie. Gelukkig is daar altyd weer die moontlikheid dat God die mens deur opregte berou terugruk na die werklikheid van Sy ontferming en die mens weer in die lig van God kan begin wandel. Hierdie laaste konsep moet verder verduidelik word in Teks 6.

**Teks 6.** God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing, sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sonde val nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie. *Deus enim, qui dives est misericordia, ex immutabili electionis proposito, Spiritum Sanctum, etiam in tristibus lapsibus, a suis non prorsus aufert, nec eousque eos prolabi sinit, ut gratia adoptionis, justificationis statu excidant, aut peccatum ad mortem, sive in Spiritum Sanctum committant, et ab eo penitus deserti in exitium æternum sese præcipitent.*

**Verklarende kommentaar**

Alhoewel God beide woedend en hartseer word oor die sonde van die mens, beteken dit nie dat God die mens versaak nie. God se besluit om die mens te red, is God se vaste besluit; met ander woorde God sal die mens red ten spyte van die sonde wat die mens is. God gaan nie van plan verander en die genade en redding terugtrek nie.

God bly by die mens betrokke, al is dit hoe vaag en onduidelik. Ons kan dit net bely, nie bewys nie. Hierdie betrokkenheid van God is ons troos, selfs in die droewige vallei van herhaalde opsetlike sondes. Dit is God wat die mens beskerm teen wegval in die duister put van "erger". Indien die mens op homself aangewese sou wees, sou die mens altyd iets erger kon vind om te doen. "Erger" is die bodemlose put waarin die mens sou val indien dit nie was vir God wat besluit het om die mens in Sy LIEFDE en Genade te red nie.